NWK BEHEREND BEPERK
(Ingelyf in die Republiek van Suid-Afrika)
Registrasienommer: 1998/007243/06
4AX Aandelekode: 4ANWKH
ISIN: ZAE400000028

("NWK Beherend")

NWK BEPERK
(Ingelyf in die Republiek van Suid-Afrika)
Registrasienommer: 1998/007577/06
4AX Aandelekode: 4ANWK
ISIN: ZAE400000010

("NWK")

GESAMENTLIKE AANKONDIGING VAN DIE VASTE VOORNEME DEUR NWK BEHEREND OM 'N AANBOD TE MAAK TEN EINDE AL DIE UITGEREIKTE GEWONE AANDELE VAN NWK, WAT NIE REEDS DEUR NWK BEHEREND GEHOU WORD NIE, TE VERKRY BY WYSE VAN 'N REËLINGSKEMA OF ALGEMENE AANBOD

1. INLEIDING

1.1 Aandeelhouers van NWK word hiermee in kennis gestel dat NWK Beherend, ingevolge 'n implementeringsooreenkoms van krag tussen NWK en NWK Beherend ("**Implementeringsooreenkoms**"), kennis aan NWK gegee het van sy vaste voorneme om 'n aanbod te maak ("**Aanbod**") ten einde al die uitgereikte gewone aandele van NWK ("**NWK Aandele**") te verkry vanaf die houers van NWK Aandele, uitgesluit NWK Beherend ("**NWK Aandeelhouers**"). NWK Beherend hou tans ongeveer 79.45% van die NWK Aandele en die bedoeling is dat, onderhewig aan die nakoming van sekere voorwaardes (of die afstanddoening daarvan) NWK Beherend dan ingevolge die Aanbod die oorblywende 20.55% van die NWK Aandele (ongeveer 29 390 985 NWK Aandele) ("**Skema Aandele**") sal bekom.

1.2 Die doel van hierdie aankondiging ("**Gesamentlike Aankondiging van Vaste Voorneme**") is om die agtergrond van die Aanbod uiteen te sit en om NWK Aandeelhouers te adviseer rakende die bepalings en voorwaardes van die Aanbod, soos deur Regulasie 101 van die Maatskappy Regulasies, 2011 ("**Maatskappy Regulasies**") vereis.

2. DIE AANBOD EN DIE VERGOEDING

2.1 Die Aanbod sal voorgestel word as 'n gekombineerde aanbod, as volg saamgestel:

2.1.1 aanvanklik by wyse van 'n reëlingskema ("**Skema**") in terme van artikel 114 van die Maatskappywet 71 van 2008 ("**Maatskappywet**") tussen NWK en die NWK Aandeelhouers, wat voorgestel sal word deur die NWK raad van direkteure ("**NWK Raad**") (op aanbeveling van die Onafhanklike Raad van Direkteure (soos hieronder beskryf)) in terme waarvan NWK Beherend die NWK Aandele verkry teen die Aanbodprys (soos hieronder beskryf) op die bepalings en voorwaardes soos uiteengesit in die omsendskrywe wat mettertyd versprei sal word aan die NWK Aandeelhouers ("**Gekombineerde Aanbod Omsendskrywe**"). Implementering van die Skema sal lei tot die denotering van NWK vanaf die beurs wat bedryf word deur 4 Africa Exchange Eiendoms Beperk ("**4AX**") met die gevolg dat NWK 'n ongenoteerde volfiliaal van NWK Beherend sal word; of

2.1.2 vervolgens indien, onder andere, nadat die Skema voorgestel is, die NWK spesiale algemene vergadering ("**Spesiale Algemene Vergadering**") wat ten doel het om die Skema te oorweeg en daaroor te stem, gekanselleer sou word deur NWK of nie gehou sou word nie vir enige rede, of indien goedkeuring deur 'n hof vereis sou word, maar nie verkry sou word nie, of indien enige opskortende voorwaarde tot die Skema nie vervul sou word nie (en, waar van toepassing, daar nie van afstand gedoen word nie) of die Skema andersins sou misluk, dan sal die

Aanbod voorgestel word by wyse van 'n algemene aanbod deur NWK Beherend aan NWK Aandeelhouers ("**Algemene Aanbod**") in terme van artikel 117(1)(c)(v) van die Maatskappywet, waarvolgens NWK Beherend die NWK Aandele verkry teen die Aanbodprys (soos hieronder beskryf), en op sodanige bepalings en sodanige voorwaardes as wat uiteengesit word in die Gekombineerde Aanbod Omsendskrywe. Voortvloeiend uit die Algemene Aanbod, en onderhewig aan die goedkeuring van die nodige besluite om so te doen, sal NWK gedenoteer word vanaf 4AX en voortaan 'n ongenoteerde filiaal van NWK Beherend wees,

gesamentlik na verwys as die voorgestelde transaksie (die "**Voorgestelde Transaksie**").

2.2 **Die Aanbodprys:**

2.2.1 Indien die Skema onvoorwaardelik raak, en onderhewig aan die goedkeuring van die NWK Beherend gewone en spesiale besluite wat vereis word ("**NWK Beherend Vereiste Besluite**") deur die voorgeskrewe meerderheid van NWK Beherend aandeelhouers ("**NWK Beherend Aandeelhouers**") sal die Aanbodprys wat in terme van die Aanbod aangebied word deur NWK Beherend aan NWK Aandeelhouers vir hul NWK Aandele ("**die Aanbodprys**") wees soos uiteengesit in paragraaf 2.2.2 hieronder.

2.2.2 Neem kennis dat die Aanbod bestaan uit 'n aandeel-vir-aandeel aanbod aan NWK Aandeelhouers in terme waarvan NWK Aandeelhouers hul bestaande NWK Aandele sal verruil vir nuut uitgereikte gewone aandele in NWK Beherend ("**die NWK Beherend Aandele**"). As gevolg van die "*Bona Fide Commercial Agricultural Producers*" ("**BFCAP**") kwalifiseringsvereistes wat van toepassing is op die NWK Beherend Aandele (soos vervat in NWK Beherend se memorandum van inkorporasie ("**MOI**")), kan slegs daardie NWK Aandeelhouers wat aan die BFCAP kwalifiseringsvereistes voldoen NWK Beherend Aandele ontvang soos uiteengesit in paragraaf 2.2.2.1 hiervan. Daardie NWK Aandeelhouers wat nie aan die BFCAP kwalifiseringsvereistes voldoen nie, sal gevolglik, in die plek van NWK Beherend Aandele, gelykwaardige kontantvergoeding ontvang in terme van paragraaf 2.2.2.2. Gevolglik:

2.2.2.1 met verwysing na daardie NWK Aandeelhouers wat voldoen aan die BFCAP kwalifiseringsvereistes ("**BFCAP Deelnemers**") en daarom alleenlik geregtig is op aandele as vereffening van die Aanbodprys, sal elke sodanige BFCAP Deelnemer 1.2419 NWK Beherend Aandele ontvang vir elke 1 Skema Aandeel wat vervreem word aan NWK Beherend deur daardie BFCAP Deelnemer ingevolge die Skema ("**Aandele Alleen Vergoeding**"); en

2.2.2.2 met verwysing na daardie NWK Aandeelhouers wat nie aan die BFCAP kwalifiseringsvereistes voldoen nie ("**Nie-BFCAP Deelnemers**"), sal elke sodanige nie-BFCAP Deelnemer alleenlik kontant vergoeding ter vereffening van die Aanbodprys ontvang, wat die bedrag van R6.00 per NWK Aandeel beloop ("**Kontant Alleen Vergoeding**").

2.2.3 Indien die Skema vir enige rede nie in werking gestel word nie en die Algemene Aanbod onvoorwaardelik sou raak op die bepalings en voorwaardes daarvan en mits die NWK Beherend Vereiste Besluite goedgekeur word deur die voorgeskrewe meerderheid van NWK Beherend Aandeelhouers, sal die Aanbodprys betaalbaar deur NWK Beherend aan NWK Aandeelhouers dieselfde wees as in geval van die Skema soos uiteengesit in paragraaf 2.2.2 hierbo, synde:

2.2.3.1 die Aandele Alleen Vergoeding vir die BFCAP Deelnemers; en

2.2.3.2 die Kontant Alleen Vergoeding vir die Nie-BFCAP Deelnemers.

2.2.4 Nie-BFCAP Deelnemers sal die Kontant Alleen Vergoeding van R6.00 per NWK Aandeel ontvang, wat gelykwaardig is aan die Aandele Alleen Vergoeding van 1.2419 NWK Beherend Aandele vir elke 1 NWK Aandeel. Die Kontant Alleen Vergoeding verteenwoordig 'n premie van 44.46% op die volume geweegde gemiddelde prys van 'n NWK Aandeel van R4.15 per NWK Aandeel vir die laaste verhandelingsmaand van Mei 2020.

2.2.5 Die Algemene Aanbod sal egter onderhewig wees aan 'n opskortende voorwaarde dat die totale Kontant Alleen Vergoeding nie die bedrag van R43,000,000 sal oorskry nie.

3. RASIONAAL EN VOORDELE VAN DIE VOORGESTELDE TRANSAKSIE

3.1 Gedurende 1998 is NWK omgeskakel in 'n publieke maatskappy. Op daardie tydstip was die huidige NWK Beherend beheerstruktuur geïnkorporeer binne NWK en al sy filiale ("**NWK Groep**"). In terme van hierdie struktuur hou NWK Beherend 'n beherende belang in NWK. NWK se hoofbesigheid is dié van 'n operasionele landbou-besigheid wat hoofsaaklik in die Noordwes Provinsie vir meer as 'n eeu lank sake doen in die graan- en voedselwaardeketting van suidelike Afrika.

3.2 NWK is genoteer op die amptelike lys van 4AX sedert September 2017. Op daardie tydstip was die rasionaal van die notering om 'n verhandelingsplatform tot die beskikking van NWK se aandeelhouers te stel om NWK aandele te verhandel, soos vereis kragtens wetswysigings deur die Suid-Afrikaanse wetgewende en regulatoriese liggame rakende die verhandeling van sekuriteite in die Suid-Afrikaanse finansiële markte (in terme waarvan daar effektiewelik met oor-die-toonbank-verhandeling van aandele weggedoen is).

3.3 Die NWK Groep se unieke organisatories-genoteerde struktuur voorsien aan beide BFCAP en Nie-BFCAP aandeelhouers van die NWK Groep die geleentheid om te investeer in die NWK Groep se sekuriteite ten einde blootstelling aan die landboumark van Suid-Afrika te verkry. Die doel van die gemelde huidige dubbel-organisatories-genoteerde NWK Groep struktuur was vir Nie-BCFAPs om blootstelling aan die landbousektor te verkry, terwyl die NWK Groep beheer word deur BFCAPs.

3.4 Die NWK Beherend raad van direkteure ("**NWK Beherend Raad**") en die NWK Raad is egter van mening dat die huidige genoteerde dubbele struktuur nie meer voordelig is vir die NWK Groep (en indirek die aandeelhouers) nie, as gevolg van die gepaardgaande wesenlike administratiewe koste en die korporatiewe las van addisionele tyd wat spandeer word aan die bestuur van die dubbele-organisatoriese struktuur.

3.5 Die Voorgestelde Transaksie soos hierin uiteengesit sal NWK Beherend se verklaarde voorneme en verbintenis realiseer om hom nader aan sy stigtingsdoelwitte te beweeg, een waarvan is om indirek die BFCAP aandeelhouers binne die NWK Groep te versterk. Die NWK Beherend Raad het hierdie verbintenis geïnisieer toe NWK Beherend die aandele van Grindrod Trading Holdings (Eiendoms) Beperk in NWK verkry het, synde 29 153 264 NWK Aandele, wat 20.38% van NWK se totale uitgereikte aandele verteenwoordig, teen 'n totale kontantvergoeding van R204,072,848 ("**Grindrod-Verkooptransaksie**"). Gevolglik het NWK Beherend aandeelhouding in NWK verhoog na 'n totaal van 113 640 986 NWK Aandele, synde 79.45%.

3.6 Die suksesvolle implementering van die Voorgestelde Transaksie sal lei tot die ontbondeling van die dubbele organisatoriese struktuur tussen NWK Beherend en NWK, en sal 'n vereenvoudigde groepstruktuur tot gevolg hê, sowel as 'n wesenlike vermindering in administratiewe koste en die besparing van tyd en energie wat vereis word van die NWK Groep se uitvoerende bestuur, wat met die dubbele-genoteerde struktuur gepaardgaan as gevolg van die vereiste nakoming van die noteringsvereistes van 4AX ("**4AX se Noteringsvereistes**").

3.7 Die suksesvolle implementering van die Voorgestelde Transaksie sal uiteindelik tot gevolg hê dat slegs NWK Beherend Aandele genoteer is op die 4AX beurs, en kan dit potensieel 'n positiewe impak ter vermindering van die diskonto tussen die verhandelingsprys van NWK Beherend Aandele in vergelyking met NWK Aandele tot gevolg hê.

3.8 NWK Beherend en NWK beoog om uitvoering te gee aan die doel om NWK te denoteer by wyse van die Skema. Nietemin, sou die Skema misluk om enige rede, sal NWK Beherend die denotering van NWK fasiliteer deur die outomatiese implementering van die Algemene Aanbod, onderhewig aan die vervulling (of afstanddoening) van die Algemene Aanbod opskortende voorwaardes soos uiteengesit in paragraaf 5.2.5 hieronder.

3.9 Na die suksesvolle implementering van die Voorgestelde Transaksie, wat insluit die denotering van NWK se aandele vanaf 4AX, sal NWK Beherend voortgaan met NWK bedrywighede deur die handel in landbou- en verwante produkte, sowel as die verskaffing van ondersteuningsdienste op kleinhandelsvlak. Die NWK Groep sal voortgaan om dinamies te wees, terwyl dit voortdurend aanpas, om te transformeer en saam met landbou te groei, ten einde na die behoeftes van belanghebbendes om te sien en by te dra tot voedselsekuriteit in Suider-Afrika.

4. AANSTELLING VAN DIE ONAFHANKLIKE RAAD EN 'N ONAFHANKLIKE DESKUNDIGE

4.1 In ooreenstemming met Regulasie 108 van die Maatskappy Regulasies, het NWK 'n onafhanklike raad aangestel, wat bestaan uit Mnre DA Foster, MD van Tonder en Professor A Rademeyer ("**Onafhanklike Raad**"), wat die terme, voorwaardes en meriete van die Skema en die Algemene Aanbod sal oorweeg.

4.2 Die NWK Onafhanklike Raad het BDO Corporate Finance Eiendoms Beperk (die "**Onafhanklike Deskundige**") aangestel om op te tree as onafhanklike deskundige in ooreenstemming met die Maatskappy Regulasies, (en 4AX se Noteringsvereistes) om die Onafhanklike Raad te adviseer en om aan die Onafhanklike Raad te rapporteer ten opsigte van die Skema en die Algemene Aanbod by wyse van 'n billikheids- en redelikheidsmening. Die Onafhanklike Deskundige se volledige verslag sal ingesluit word in die Gekombineerde Aanbod Omsendskrywe wat uitgereik sal word aan NWK Aandeelhouers.

5. VOORWAARDES EN REGULATORIESE RAAMWERK

5.1 Die Skema sal ooreenkomstig artikel 114 van die Maatskappywet en die Maatskappy Regulasies voorgestel word deur die NWK Raad (op aanbeveling van die Onafhanklike Raad) en terselfdertyd stel dit 'n 'geaffekteerde transaksie' daar, soos gedefinieer in artikel 117 van die Maatskappywet.

5.2 Die implementering van die Voorgestelde Transaksie sal onderhewig wees aan, onder andere, die vervulling of afstanddoening (waar sodanige voorwaardes vatbaar is vir afstanddoening) van die volgende opskortende voorwaardes:

5.2.1 die goedkeuring van die Gekombineerde Aanbod Omsendskrywe deur 4AX en die Oornamereguleringspaneel ("**TRP**");

5.2.2 die goedkeuring deur NWK Beherend Aandeelhouers van al die NWK Beherend Vereiste Besluite wat die toekenning en uitreiking van die Aandele Alleen Vergoeding magtig, ooreenkomstig artikel 41(1) en/of 41(3) van die Maatskappywet en 4AX se Noteringsvereistes;

5.2.3 die goedkeuring deur die departement van finansiële waarneming van die Suid-Afrikaanse Reserwebank van die Aanbod en die betaling van die Kontant Alleen Vergoeding aan daardie NWK Aandeelhouers wie nie inwoners van Suid-Afrika, die Republiek van Namibië, die Koninkryke van Lesotho en eSwatini (die "**Gemeenskaplike**

Monetêre Gebied") is nie, met dien verstande dat indien sodanige goedkeuring voorwaardelik of op terme gegee word, hierdie voorwaarde nie geag vervul te wees nie, behalwe waar NWK Beherend voor die toepaslike datum soos bedoel in paragraaf 5.2.6 kennis gee aan NWK dat sodanige voorwaardes en terme aanvaarbaar is vir NWK Beherend en *vice versa*;

5.2.4 met betrekking tot die Skema:

5.2.4.1 teen nie later nie as 17h00 op 11 September 2020, die Skema goedgekeur word by wyse van 'n spesiale besluit ("**Skemabesluit**") aangeneem deur die vereiste meerderheid van NWK Aandeelhouers by die Spesiale Algemene Vergadering, soos bedoel in artikel 115(2)(a) van die Maatskappywet, en waar die bepalings van artikel 115(2)(c) toepassing mag vind:

5.2.4.1.1 teen nie later nie as 17h00 op die 15de besigheidsdag nadat die Skemabesluit aanvaar is (i) die Hooggeregshof van Suid-Afrika die implementering van die Skemabesluit goedkeur en geen appèl of hersiening word tydig ingedien nie, of indien tydig ingedien, die appèl of hesiening onsuksesvol is; of (ii) die bepalings van artikel 115(2)(c) van die Maatskappywet nie meer van toepassing is nie; en

5.2.4.1.2 indien van toepassing, NWK nie die Skemabesluit as 'n nietig verklaar soos bedoel in artikel 115(5)(b) van die Maatskappywet nie; en

5.2.4.2 op die besigheidsdag wat die Skema finaliseringsdatum voorafgaan, die maatskappysekretaris van NWK Beherend en NWK skriftelik bevestig dat die totale waarde van (i) Skema Aandele wat vereffen staan te word by wyse van die Kontant Alleen Vergoeding; (ii) fraksies van NWK Beherend Aandele wat vereffen staan te word deur NWK Beherend in kontant in omstandighede waar 'n NWK Aandeelhouer se reg tot die Aandele Alleen Vergoeding aanleiding gee tot 'n fraksie van 'n NWK Beherend Aandeel en (iii) Skema Aandele, indien enige, wat vereffen staan te word deur NWK in kontant teen die billike waarde daarvan, ten opsigte van daardie NWK Aandeelhouers wat hul waardasieregte in terme van artikel 164 van die Maatskappywet regsgeldig sou uitoefen, tesame nie die bedrag van R43,000,000 sal oorskry nie;

5.2.5 in geval van die Algemene Aanbod, wat outomaties geïmplementeer sal word indien die Skema sou misluk om enige rede, in die volgende omstandighede:

5.2.5.1 een of meer van of al die Skema Voorwaardes nie betyds vervul word of daarvan afstand gedoen word nie, of indien die Skema opskortende voorwaardes wel betyds vervul word of daarvan afstand gedoen word, die Skema nie in werking tree teen 17h00 op 23 Oktober 2020 nie;

5.2.5.2 teen nie later nie as 17h00 op 11 September 2020, die besluit om NWK te denoteer goedgekeur word by wyse van 'n gewone besluit aanvaar deur die vereiste meerderheid van NWK se aandeelhouers by die Spesiale Algemene Vergadering soos bedoel in paragraaf 3.24 van 4AX se Noteringsvereistes;

5.2.5.3 teen nie later nie as 17h00 op die sluitingsdatum van die Algemene Aanbod (i) die maatskappysekretaris van NWK Beherend en NWK skriftelik bevestig dat die totale waarde van (a) NWK Aandele wat vereffen staan te word by wyse van die Kontant Alleen Vergoeding en (b) fraksies van NWK Beherend Aandele wat vereffen staan te word deur NWK Beherend in kontant in omstandighede waar 'n NWK Aandeelhouer se reg tot die Aandele Alleen Vergoeding aanleiding gee tot 'n fraksie van 'n NWK Beherend Aandeel nie die bedrag van R43,000,000 sal oorskry nie, en (ii) by ooreenkoms met 4AX, die sekuriteitsregister van NWK gesluit is en

verhandeling van NWK Aandele opgeskort is, sodat geen verdere verhandeling in NWK Aandele mag plaasvind totdat die Algemene Aanbod finaal gesluit het nie; en

5.2.5.4 NWK Aandeelhouers wat die Algemene Aanbod aanvaar ten opsigte van soveel NWK Aandele sodat NWK Beherend meer as 50% plus 1 van al die uitgereikte NWK Aandele (uitgesluit die aandele wat reeds gehou word deur NWK Beherend) sal verkry; en

5.2.6 in geval van die Skema teen nie later nie as 17h00 op 23 Oktober 2020, of in geval van die Algemene Aanbod teen nie later nie as 17h00 op 30 Januarie 2021, alle regulatoriese toestemmings en goedkeurings ontvang is op 'n onvoorwaardelike basis, of tot die mate wat enige sodanige regulatoriese toestemming of goedkeurings gegee word onderhewig aan enige voorwaarde of kwalifikasie, NWK en/of NWK Beherend (watter een of albei van hulle ookal nadelig geraak word deur die voorwaarde of kwalifikasie) skriftelik bevestig het aan die ander dat die voorwaarde aanvaarbaar is, welke bevestiging nie onredelik weerhou of vertraag sal word nie.

5.3 Daar kan afstand gedoen word van die Aanbod opskortende voorwaardes hierbo soos beoog in paragrawe 5.2.4.2 (onderhewig aan TRP goedkeuring), 5.2.5.2, 5.2.5.3 (onderhewig aan TRP goedkeuring) en 5.2.5.4 en die tyd en/of datum van vervulling of afstanddoening mag verleng word. Gevolglik kan NWK Beherend en NWK, by wyse van skriftelike ooreenkoms voordat sodanige voorwaarde misluk het, (i) die tyd en/of datum van vervulling of afstanddoening van sodanige opskortende voorwaarde verleng word; en/of (ii) in geheel of gedeeltelik afstand doen van die voldoening aan enige van sodanige voorwaarde.

5.4 Daar kan nie afstand gedoen word van enige ander opskortende voorwaarde nie. NWK Beherend en NWK is egter geregtig om van tyd tot tyd deur skriftelike ooreenkoms, maar voordat die opskortende voorwaarde misluk, die tyd en/of datum van vervulling van sodanige opskortende voorwaarde te verleng.

5.5 Elke NWK Aandeelhouer sal die Algemene Aanbod kan aanvaar slegs met betrekking tot al die NWK Aandele gehou deur sodanige NWK Aandeelhouer.

6. *PRO FORMA* FINANSIÈLE INLIGTING

6.1 In terme van Regulasie 101(7)(b)(iv) van die Maatskappy Regulasies, moet 'n vaste voorneme aankondiging, onder andere, die *pro forma* verdienste en batewaarde per gereguleerde teikenmaatskappy aandeel uiteensit, indien die aanbod in geheel of gedeeltelik bestaan uit sekuriteite van die aanbieder.

6.2 *Pro forma* verdienste en batewaarde per NWK Aandeel ekwivalente of per NWK Aandeel waar van toepassing

6.2.1 Die *pro forma* finansiële implikasies en notas betreffende die impak van die Grindrod-Verkooptransaksie en die Voorgestelde Transaksie word uiteengesit in die onderstaande tabel. Die *pro forma* finansiële implikasies is gebaseer op die laaste geouditeerde finansiële state van NWK vir die 12 maande geëindig 30 April 2019.

6.2.2 Die *pro forma* finansiële implikasies in die onderstaande tabel neem die onlangse Grindrod-Verkooptransaksie in ag, ingevolge waarvan 29 153 264 NWK aandele verkry is vanaf Grindrod deur NWK Beherend.

6.2.3 Die *pro forma* finansiële implikasies van die Grindrod-Verkooptransaksie en die Voorgestelde Transaksie vir NWK Aandeelhouers, waarvoor die NWK Onafhanklike Raad verantwoordelik is, word verskaf en is voorberei slegs vir illustratiewe doeleindes ten einde inligting te verskaf aangaande die wyse waarop die Grindrod-Verkooptransaksie en die Voorgestelde Transaksie die finansiële posisie van NWK aandeelhouers mag affekteer. Vanweë die aard

daarvan mag dit moontlik nie ‘n redelike weergawe van die finansiële posisie van die Grindrod-Verkooptransaksie en die Voorgestelde Transaksie vir NWK aandeelhouers wees nie.

6.2.4 Die *pro forma* finansiële implikasies word weergegee op dieselfde basis as waarop die historiese finansiële inligting voorberei is en in ooreenstemming met NWK se rekeningkundige beleide wat voldoen aan IFRS vir die jaar geëindig 30 April 2019. Die *pro forma* finansiële implikasies van die Grindrod-Verkooptransaksie en die Voorgestelde Transaksie word weergegee op die veronderstelling dat die voorafgaande effektief geraak het op 01 Mei 2018 ten opsigte van die staat van omvattende inkomste, en op 30 April 2019 ten opsigte van die staat van finansiële posisie. Die *pro forma* finansiële implikasies word voorgestel in ooreenstemming met 4AX se Noteringsvereistes en die “*Guide on Pro Forma Financial Information issued by the South African Institute of Chartered Accountants and ISAE 3420: Assurance Engagements to Report on the Compilation of Pro Forma Financial Information Included in a Prospectus”*.

6.2.5 Die Onafhanklike Raad is verantwoordelik vir die samestelling, inhoud en voorbereiding van die NWK *pro forma* finansiële impak en is verder verantwoordelik om te verseker dat dit behoorlik saamgestel is op die basis soos genoem, in ooreenstemming is met die rekeningkundige beleide van NWK en verder dat die *pro forma* aanpassings geskik is vir die doeleindes hiervan soos geopenbaar ingevolge met 4AX se Noteringsvereistes.

6.2.6 Die *pro forma* finansiële implikasies word apart voorgestel vir BFCAP Deelnemers wat die Aandele Alleen Vergoeding sal ontvang, die Nie-BFCAP Deelnemers wat die Kontant Alleen Vergoeding sal ontvang vir hulle NWK Aandele soos gehou op datum van hierdie Gesamentlike Vaste Voorneme aankondiging, en deelnemers wat NWK Aandeelhouers bly, op die veronderstelling dat 50% +1 van alle deelnemers aan die Algemene Aanbod deelneem.

6.2.7 NWK Aandeelhouers wat nie voldoen aan die BFCAP kwalifiseringsvereistes nie, sal die Kontant Alleen Vergoeding van R6.00 per NWK Aandeel ontvang in die geval waar die Skema in werking gestel word en onvoorwaardelik raak, of waar die Algemene Aanbod aanvaar word.

6.2.8 Dit dien gemeld te word dat die *pro forma* finansiële implikasies die verdienste effek van die finansieringskoste wat aangegaan is op die oortrokke fasiliteite wat getrek is op die Grindrod-Verkooptransaksie en die Voorgestelde Transaksie insluit. Die tydstip waarop trekkings op die oortrokke fasiliteite vir die Voorgestelde Transaksie sal plaasvind, is egter tans onseker. Om hierdie rede mag dit wees dat, tot die mate wat die bedrae getrek word vir hierdie doeleindes, die finansieringskoste soos geïllustreer in die *pro forma* finansiële impak, nie ten volle realiseer nie.

Pro forma finansiële impak op BFCAP Deelnemers:

Pro forma finansiële impak op BFCAP Deelnemers

Per NWK gelykwaardige aandeel (sente)	Voor die Grindrod-Verkooptransaksie (1)	Pro forma na die Grindrod-Verkooptransaksie (voor die Voorgestelde Transaksie) (2)	Persentasie Verandering van (1) na (2) %	Pro forma na die Voorgestelde Transaksie (3)	Persentasie Verandering van (2) na (3) (%)	Persentasie Verandering van (1) na (3) (%)
Verdienste per NWK Aandeel	169	171	1.0%	253	47.9%	49.4%
Basiese en verwaterde verdienste uit voortgesette bedrywighede per NWK Aandeel	64	66	2.7%	80	21.8%	25.1%
Basiese en verwaterde verdienste uit eindigende bedrywighede per NWK Aandeel	105	105	-	173	64.2%	64.2%
Netto batewaarde per NWK Aandeel	1,091	1,091	-	1,494	36.9%	36.9%
Netto tasbare batewaarde per aandeel	1,072	1,072	-	1,463	36.4%	36.4%
Geweegde gemiddelde uitgereikte NWK Aandele	143,031,971	143,031,971				
Hoeveelheid uitgereikte NWK Aandele	143,031,971	143,031,971				
Geweegde hoeveelheid uitgereikte NWK Beherend Aandele	76,212,831	76,212,831		108,167,404		
Hoeveelheid NWK Beherend uitgereikte Aandele	76,212,831	76,212,831		108,167,404		

Notas en aannames:

1. Die NWK inligting gereflekteer in die “Voor die Grindrod-Verkooptransaksie” kolom is ‘n uittreksel sonder wysigings uit die NWK gekonsolideerde finansiële state vir die twaalf maande geëindig 30 April 2019.

<u>Grindrod-Verkooptransaksie</u>

2. Die NWK inligting gereflekteer in die “Pro forma na die Grindrod-Verkooptransaksie (voor die Voorgestelde Transaksie)” kolom is bereken op die basis dat die Grindrod-Verkooptransaksie geïmplementeer is en gebaseer is op die volgende aannames:

    a. Die impak van die basiese en verwaterde verdienste uit voortgesette en eindigende bedrywighede per NWK Aandeel is bereken op die basis dat die Grindrod-Verkooptransaksie effektief was op 01 Mei 2018, terwyl die impak op die netto batewaarde en die netto tasbare batewaarde per NWK Aandeel bereken word op die basis dat die Grindrod-Verkooptransaksie effektief was op 30 April 2019.

    b. NWK het skuldfinansiering verkry deur oortrokke fasiliteite en het die opbrengste hiervan gebruik om befondsing aan NWK Beherend te verskaf om 29 153 264 NWK Aandele (20.38%) te verkry met betrekking tot die Grindrod-Verkooptransaksie teen ‘n totaal van R204.1 miljoen plus totale verbandhoudende transaksiekoste van R2.3 miljoen.

    c. Finansieringskoste, bereken teen ‘n koers van 8.51% per jaar synde die gemiddelde prima rentekoers minus 160 basispunte vir ‘n tydperk van 12 maande.

    d. Finansieringsinkomste, bereken teen ‘n koers van 10.11%, synde die gemiddelde prima koers, vir ‘n tydperk van 12 maande.

    e. Die Grindrod-Verkooptransaksie het geen impak op die geweegde gemiddelde hoeveelheid uitgereikte NWK Aandele gehad nie.

<u>Die Voorgestelde Transaksie</u>

3. Die NWK inligting gereflekteer in die “Pro forma na die Voorgestelde Transaksie” kolom is bereken op die basis dat die Voorgestelde Transaksie geïmplementeer is (hetsy die Skema tree in werking en word onvoorwaardelik of die Algemene Aanbod word aanvaar deur al die NWK Aandeelhouers) en is gebaseer op die volgende aannames:

a. Die implikasies op die basiese en verwaterde verdienste uit voortgesette en eindigende bedrywighede per NWK Aandeel is bereken op die basis dat die Voorgestelde Transaksie effektief was op 01 Mei 2018, terwyl die impak op die netto batewaarde en die netto tasbare batewaarde per NWK Aandeel bereken word op die basis dat die Voorgestelde Transaksie effektief was op 30 April 2019.

b. Die pro forma finansiële impak op NWK Aandeelhouers wat kwalifiseer as BFCAP Deelnemers is afgelei deur die pro forma finansiële impak van NWK Beherend te maal met die Aandele Alleen Vergoeding, synde 1.2419 NWK Beherend Aandele vir elke een NWK Aandeel gehou deur 'n BFCAP Deelnemer.

c. Die geweegde gemiddelde hoeveelheid uitgereikte aandele en die hoeveelheid uitgereikte aandele is verteenwoordigend van die uitgereikte aandelekapitaal van NWK Beherend na die implementering van die Voorgestelde Transaksie.

4. Tensy andersins bepaal, het alle aanpassings na verwagting 'n voortdurende impak op die staat van omvattende inkomste.

Pro forma finansiële impak op deelnemers wat NWK Aandeelhouers bly, indien veronderstel word dat 50% +1 van deelnemers in die Algemene Aanbod deelneem ("Minimum Algemene Aanbod Vereiste")

Pro forma finansiële impak op oorblywende NWK Aandeelhouers

Per NWK aandeel (sente)	Voor die Grindrod-Verkooptransaksie (1)	Pro forma na die Grindrod-Verkooptransaksie (voor die Minimum Algemene Aanbod Vereiste) (2)	Persentasie Verandering van (1) na (2) %	Pro forma na die Minimum Algemene Aanbod Vereiste Transaksie (3)	Persentasie Verandering van (2) na (3) (%)	Persentasie Verandering van (1) na (3) (%)
Verdienste per NWK Aandeel	169	171	1.0%	171	0.1%	1.1%
Basiese en verwaterde verdienste uit voortgesette bedrywighede per NWK Aandeel	64	66	2.7%	66	0.2%	2.9%
Basiese en verwaterde verdienste uit eindigende bedrywighede per NWK Aandeel	105	105	-	105		
Netto batewaarde per NWK Aandeel	1,091	1,091	-	1,091		
Netto tasbare batewaarde per NWK aandeel	1,072	1,072	-	1,072		
Geweegde gemiddelde uitgereikte NWK Aandele	143,031,971	143,031,971		143,031,971		
Hoeveelheid uitgereikte NWK Aandele	143,031,971	143,031,971		143,031,971		

Notas en aannames:

1. Die NWK inligting gereflekteer in die "Voor die Grindrod-Verkooptransaksie" kolom is 'n uittreksel sonder wysigings uit die NWK gekonsolideerde finansiële state vir die twaalf maande geëindig 30 April 2019.

2. Die NWK inligting gereflekteer in die "Pro forma na die Grindrod-Verkooptransaksie (voor die Minimum Algemene Aanbod Vereiste)" kolom is bereken gebaseer op die veronderstellings soos saamgevat in die notas en aannames hierbo.

<u>Minimum Algemene Aanbod Vereiste</u>

3. Die NWK inligting gereflekteer in die "Pro forma na die Minimum Algemene Aanbod Vereiste" kolom is bereken op die basis dat 50% + 1 van alle deelnemers aan die Algemene Aanbod deelneem en op die volgende aannames:

a. Die impak op die basiese en verwaterde verdienste uit voortgesette en eindigende bedrywighede per NWK Aandeel is bereken op die basis dat die Minimum Algemene Aanbod Vereiste effektief was op 01

Mei 2018, terwyl die impak op die netto batewaarde en die netto tasbare batewaarde per NWK Aandeel bereken word op die basis dat die Minimum Algemene Aanbod Vereiste effektief was op 30 April 2019.

b. Dit word aanvaar dat die veronderstelde Kontant Alleen Vergoeding betaalbaar aan Nie-BFCAP Deelnemers in geval van die Minimum Algemene Aanbod Vereiste is die totaal van R10.98 miljoen plus beraamde transaksiekoste van R3.9 miljoen vereffen sal word deur oortrokke fasiliteite aangewend deur NWK ten einde finansiering aan NWK Beherend te verskaf om dit te vereffen.

4. Tensy andersins bepaal, het alle aanpassings na verwagting 'n voortdurende impak op die staat van omvattende inkomste.

5. Sou 50% +1 of 75% van alle deelnemers die Algemene Aanbod aanvaar, sal die implikasies op die finansiële impak vir 'n NWK Aandeelhouer onveranderd bly, terwyl die finansiële impak vir 'n BFCAP Deelnemer en 'n NWK Beherend Aandeelhouer na verwagting minder as 'n 4% positiewe effek op die basiese verdienste van voortgesette bedrywighede en netto batewaarde per aandeel sal hê soos geïllustreer in die Gekombineerde Aanbod Omsendskrywe.

6.3 ***Pro forma verdienste en batewaarde*** **per NWK Beherend Aandeel**

6.3.1 Die *pro forma* finansiële impak en notas daartoe betreffende die impak van die Grindrod-Verkooptransaksie en die Voorgestelde Transaksie word uiteengesit in die onderstaande tabel. Die *pro forma* finansiële impak is gebaseer op die laaste gekonsolideerde geouditeerde finansiële state van NWK Beherend vir die 12 maande geëindig 30 April 2019.

6.3.2 Die *pro forma* finansiële impak in die onderstaande tabel neem die onlangse Grindrod-Verkooptransaksie in ag, waarby 29 153 264 NWK aandele verkry is vanaf Grindrod deur NWK Beherend.

6.3.3 Die *pro forma* finansiële impak vir NWK Beherend Aandeelhouers, waarvoor die NWK Beherend Raad verantwoordelik is, word slegs verskaf vir illustratiewe doeleindes om inligting te verskaf aangaande die wyse waarop die Grindrod-Verkooptransaksie en die Voorgestelde Transaksie die finansiële posisie van NWK Beherend aandeelhouers mag affekteer. Vanweë die aard daarvan mag dit moontlik nie 'n redelike weerspieëling van die werklike finansiële posisie van die Grindrod-Verkooptransaksie en die Voorgestelde Transaksie vir NWK Beherend aandeelhouers wees nie.

6.3.4 Die *pro forma* finansiële implikasies word weergegee op dieselfde basis as waarop die historiese finansiële inligting voorberei is en in ooreenstemming met NWK Beherend se rekeningkundige beleide wat voldoen aan IFRS vir die jaar geëindig 30 April 2019. Die *pro forma* finansiële implikasies van die Grindrod-Verkooptransaksie en die Voorgestelde Transaksie word weergegee op die veronderstelling dat die voorafgaande effektief geraak het op 01 Mei 2018 ten opsigte van die staat van omvattende inkomste, en op 30 April 2019 ten opsigte van die staat van finansiële posisie. Die *pro forma* finansiële implikasies word voorgestel in ooreenstemming met 4AX se Noteringsvereistes en die "*Guide on Pro Forma Financial Information issued by the South African Institute of Chartered Accountants and ISAE 3420: Assurance Engagements to Report on the Compilation of Pro Forma Financial Information Included in a Prospectus"*.

6.3.5 Die NWK Beherend Raad is verantwoordelik vir die samestelling, inhoud en voorbereiding van die NWK Beherend *pro forma* finansiële implikasies en is verder verantwoordelik om te verseker dat dit behoorlik saamgestel is op die basis soos genoem, in ooreenstemming is met die rekeningkundige beleide van NWK Beherend en verder

dat die *pro forma* aanpassings geskik is vir die doeleindes hiervan soos geopenbaar in ooreenstemming met 4AX se Noteringsvereistes.

6.3.6 Dit dien gemeld te word dat die *pro forma* finansiële impak die verdienste effek van die finansieringskoste wat aangegaan is op die oortrokke fasiliteite wat getrek is op die Grindrod-Verkooptransaksie en die Voorgestelde Transaksie insluit. Die tydstip waarop trekkings op die oortrokke fasiliteite vir die Voorgestelde Transaksie sal plaasvind, is egter tans onseker. Om hierdie rede mag dit wees dat, tot die mate wat die bedrae getrek word vir hierdie doeleindes, die finansieringskoste soos geïllustreer vir die doeleindes van die aanbieding van die *pro forma* finansiële impak, nie ten volle realiseer nie.

Pro forma finansiële impak op NWK Beherend Aandeelhouers

Pro forma finansiële impak op NWK Beherend Aandeelhouers

Per NWK Beherend Aandeel (sente)	Voor die Grindrod-Verkooptransaksie (1)	Pro forma na die Grindrod-Verkooptransaksie (voor die Voorgestelde Transaksie (2)	Persentasie Verandering van (1) na (2) %	Pro forma na die Voorgestelde Transaksie (3)	Persentasie Verandering van (2) na (3) (%)	Persentasie Verandering van (1) na (3) (%)
Verdienste per NWK Beherend Aandeel	188	227	21.0%	204	-10.3%	8.6%
Basiese en verwaterde verdienste uit voortgesette bedrywighede per NWK Beherend Aandeel	71	70	-1.2%	65	-7.9%	-9.0%
Basiese en verwaterde verdienste uit eindigende bedrywighede per NWK Beherend Aandeel	117	157	34.5%	139	-11.3%	19,3%
Netto batewaarde per NWK Beherend Aandeel	1,170	1,317	12.6%	1,203	-8.7%	2.8%
Netto tasbare batewaarde per NWK Beherend aandeel	1,134	1,281	13.0%	1,178	-8.1%	3.8%
Geweegde gemiddelde uitgereikte NWK Beherend Aandele	76,212,831	76,212,831		108,167,404		
Hoeveelheid uitgereikte NWK Beherend Aandele	76,212,831	76,212,831		108,167,404		

Notas en aannames:

1. Die NWK Beherend inligting gereflekteer in die "Voor die Grindrod-Verkooptransaksie" kolom is 'n uittreksel sonder wysigings uit die NWK Beherend gekonsolideerde finansiële state vir die twaalf maande geëindig 30 April 2019.

<u>Grindrod-Verkooptransaksie</u>

2. Die NWK Beherend inligting gereflekteer in die "Pro forma na die Grindrod-Verkooptransaksie (voor die Voorgestelde Transaksie)" kolom is bereken op die basis dat die GrindrodVerkooptransaksie geïmplementeer is en gebaseer is op die volgende aannames:

    a. Die impak op die basiese en verwaterde verdienste uit voortgesette en eindigende bedrywighede per NWK Beherend Aandeel is bereken op die basis dat die Grindrod-Verkooptransaksie effektief was op 01 Mei 2018, terwyl die impak op die netto batewaarde en die netto tasbare batewaarde per NWK Beherend Aandeel bereken word op die basis dat die Grindrod-Verkooptransaksie effektief was op 30 April 2019;

    b. Die verkrygingsprys van die Grindrod-Verkooptransaksie teen 'n totaal van R204.1 miljoen plus totale verbandhoudende transaksiekoste van R2.32 miljoen is vereffen deur oortrokke fasiliteite (verkry deur NWK Beherend se filiaal NWK). Die addisionele R2.03 miljoen transaksie koste is vereffen deur middel van kontant uit die NWK Beherend bankrekening.

    c. Finansieringskoste, bereken teen 'n koers van 8.51% per jaar, synde die jaarlikse prima rentekoers minus 160 basispunte vir 'n tydperk van 12 maande;

    d. Die Grindrod-Verkooptransaksie het gelei tot 'n 20.38% afname in die nie-beherende belang balans soos op 30 April 2019;

e. Transaksiekoste (nie-herhalend) van R4.4 miljoen is gekapitaliseer na ekwiteit toeskryfbaar aan aandeelhouers;

f. Die Grindrod-Verkooptransaksie het geen impak op die geweegde gemiddelde hoeveelheid uitgereikte NWK Aandele gehad nie.

Die Voorgestelde Transaksie

3. Die NWK Beherend inligting gereflekteer in die "Pro forma na die Voorgestelde Transaksie" kolom is bereken op die basis dat die Voorgestelde Transaksie geïmplementeer is (hetsy die Skema tree in werking en word onvoorwaardelik of die Algemene Aanbod word aanvaar deur al die NWK Aandeelhouers) en is gebaseer op die volgende aannames:

   a. Die impak op die basiese en verwaterde verdienste uit voortgesette en eindigende bedrywighede per NWK Beherend Aandeel is bereken op die basis dat die Voorgestelde Transaksie effektief was op 01 Mei 2018, terwyl die impak op die netto batewaarde en die netto tasbare batewaarde per NWK Beherend Aandeel bereken word op die basis dat die Voorgestelde Transaksie effektief was op 30 April 2019.

   b. Die veronderstelde Aanbodprys vir rekeningkundige doeleindes word vereffen as volg:

      - Kontant Alleen Vergoeding: Dit word aanvaar dat die veronderstelde Kontant Alleen Vergoeding teen 'n totaal van R21.96 miljoen betaalbaar aan Nie-BFCAP Deelnemers plus beraamde transaksiekoste van R3.9 miljoen vereffen sal word deur oortrokke fasiliteite (verkry deur NWK Beherend se filiaal NWK).

      - Aandele Alleen Vergoeding: Die uitreiking van 31 954 573 NWK Beherend Aandele gebaseer op die Aandele Alleen Vergoeding teen 'n veronderstelde prys van R5.11 per NWK Beherend Aandeel, synde die volume geweegde gemiddelde prys van NWK Beherend Aandele vir die laaste verhandelde maand van April 2020, aangesien geen verhandeling plaasgevind het vir die maand van Mei 2020 nie. In terme van IFRS, sal die uitreikingsprys van die NWK Beherend Aandele bepaal word op die effektiewe datum van die Voorgestelde Transaksie en mag dit verskil van die aannames wat onderliggend is aan hierdie *pro forma* impak.

   c. Finansieringskoste, bereken teen 'n koers van 8.51% per jaar, synde die gemiddelde jaarlikse prima rentekoers minus 160 basispunte, vir 'n tydperk van 12 maande.

   d. Die Voorgestelde Transaksie lei tot 'n 20.55% afname in die nie-beherende belang balans soos op 30 April 2019;

   e. Beraamde transaksiekoste (nie-herhalend) van R3.9 miljoen is gekapitaliseer na ekwiteit toeskryfbaar aan aandeelhouers.

   f. Die hoeveelheid uitgereikte NWK Beherend Aandele word verhoog met 'n veronderstelde 31 954 573 NWK Beherend Aandele wat uitgereik sal word as deel van die Aandele Alleen Vergoeding.

7. **BEFONDSING VAN DIE AANBODPRYS**

7.1 **Aandele Alleen Vergoeding**

NWK Beherend bevestig dat dit genoegsame gemagtigde gewone aandele beskikbaar het om die maksimum hoeveelheid NWK Beherend Aandele uit te reik wat vereis mag word om die Voorgestelde Transaksie ten volle te implementeer en dat dit die nodige magtiging het om sodanige NWK Beherend Aandele uit te reik, onderhewig aan die goedkeuring van die NWK Beherend Vereiste Besluite by die NWK Beherend Spesiale Algemene Vergadering (gehou te word op 04 Augustus 2020).

7.2 **Kontant Alleen Vergoeding**

7.2.1 NWK Beherend het bevestig aan die TRP dat dit oor genoegsame fondse beskik om ten volle te voldoen aan die Kontant Alleen Vergoeding ingevolge die Voorgestelde Transaksie. NWK Beherend het finansiële bystand ontvang van sy filiaal, NWK, ten einde NWK Beherend in staat te stel om die totale Kontant Alleen Vergoeding te vereffen, welke finansiële bystand verleen is ingevolge die magtiging vir spesifieke finansiële bystand vir die verkryging van aandele in NWK, naamlik spesiale besluit nommer C4 aangeneem deur NWK se aandeelhouers tydens die jaarlikse algemene vergadering van NWK aandeelhouers gehou op 09 September 2019 ("**Jaarlikse Algemene Vergadering**"). In ooreenstemming met bogenoemde spesiale besluit nommer C4, is die spesifieke finansiële bystand verleen aan NWK Beherend op die volgende terme:

7.2.1.1 die totale waarde van die finansiële bystand verleen te word deur NWK sal nie die bedrag van R250,000,000 oorskry nie;

7.2.1.2 die spesifieke magtiging sal geldig wees vir 'n tydperk van 2 jaar vanaf datum van aanname van spesiale besluit C4;

7.2.1.3 enige finansiële bystand wat verleen word deur NWK ingevolge spesiale besluit C4 sal onderhewig wees aan die voorsiening van voldoende sekuriteit deur NWK Beherend (of 'n filiaal van NWK Beherend) aan NWK, aanvaarbaar vir die NWK Raad; en

7.2.1.4 die finansiële bystand verleen te word deur NWK sal toegestaan word op die volgende markverwante terme as volg:

7.2.1.4.1 die rentekoers sal nie minder wees as die prima uitleenkoers nie;

7.2.1.4.2 die termyn van die finansiële bystand sal nie 'n tydperk van 7 jaar oorskry nie; en

7.2.1.4.3 sodanige verdere terme en voorwaardes wat standaard is vir finansieringsreëlings van hierdie aard, soos goedgekeur deur die NWK Raad.

7.2.2 Soos op die datum van hierdie Gesamentlike Aankondiging van Vaste Voorneme, het NWK reeds R206,390,095 van die totale waarde van R250,000,000 aan NWK Beherend toegestaan in verband met die verkoop van NWK Aandele gehou deur Grindrod Trading Holdings Eiendoms Beperk aan NWK Beherend. Die resultaat hiervan is dat NWK Beherend 'n addisionele R43,609,905 ontvang het vir die vereffening van die Kontant Alleen Vergoeding as deel van die fasiliteit kragtens die spesifieke magtiging vir finansiële bystand.

7.2.3 ‘n Onherroeplike, onvoorwaardelike bankwaarborg (“**Waarborg**”) wat voldoen aan Regulasies 111(4) en (5) van die Maatskappy Regulasies is uitgereik deur ‘n Suid-Afrikaanse bank vir die totale bedrag van R43,000,000 en die oorspronklike hiervan is gelewer aan die TRP.

7.2.4 NWK het finansiële bystand aan NWK Beherend verleen ten einde NWK Beherend in staat te stel om die Waarborg te verkry, welke finansiële bystand verleen is in ooreenstemming met die spesiale besluite nommer C2 en/of C3 aangeneem deur die NWK Aandeelhouers tydens die Jaarlikse Algemene Vergadering.

8. VERKLARINGS VAN VOORDELIGE BELANGE

8.1 NWK Beherend is die beherende aandeelhouer van NWK, wat huidiglik 113 640 986 NWK Aandele hou, verteenwoordigend van ongeveer 79.45% van die totale uitgereikte aandele in NWK.

8.2 Die volgende direkteure van NWK Beherend en NWK hou die voordelige belange in die uitgereikte aandelekapitaal van NWK soos hieronder uiteengesit:

Direkteure van NWK Beherend	Aandele direk gehou	Aandele indirek gehou *	Totaal	% van NWK uitgereikte Aandele
H Krüger (Voorsitter)	98 156	3	98 159	0.07%
L Vermooten (Onder-voorsitter)	-	-	-	0.00%
FH Badenhorst	79 787	-	79 787	0.06%
JJ du Preez	-	94 098	94 098	0.07%
JP du Preez	-	-	-	0.00%
J Mahne	61 665	-	61 665	0.04%
JH Suurd	28 897	-	28 897	0.02%
CF van Niekerk	24 928	-	24 928	0.02%

Direkteure van NWK	Aandele direk gehou	Aandele indirek gehou *	Totaal	% van NWK uitgereikte Aandele
H Krüger *(Voorsitter)*	98 156	3	98 159	0.07%
L Vermooten *(Onder-voorsitter)*	-	-	-	0.00%
FH Badenhorst	79 787	-	79 787	0.06%
JJ du Preez	-	94 098	94 098	0.07%
JP du Preez	-	-	-	0.00%
J Mahne	61 665	-	61 665	0.04%
JH Suurd	28 897	-	28 897	0.02%
CF van Niekerk	24 928	-	24 928	0.02%
DA Foster	1 000	-	1 000	0.00%
TE Rabe *(Hoof uitvoerende beampte)*	14 108	-	14 108	0.01%
DPG Kleingeld *(Hoof finansiële beampte)*	30 481	-	30 481	0.02%
TB Modise *(Uitvoerende direkteur: Transformasie)*	-	-	-	0.00%

***Notas**:*
* – *Indirek:* Mnr. H Krüger hou ‘n indirekte aandeelhouding deur MK Farming Eiendoms Beperk en Mnr. JJ du Preez hou ‘n indirekte aandeelhouding deur Vlakpan Trust.

9. **VERKLARINGS VAN VERANTWOORDELIKHEID**

9.1 Die NWK Onafhanklike Raad aanvaar verantwoordelikheid vir die inligting vervat in hierdie aankondiging vir sover dit betrekking het op NWK, en vir die akkuraatheid van sodanige inligting en sertifiseer dat, tot die beste van die Onafhanklike Raad se kennis en oordeel, die inligting soos vervat in hierdie aankondiging waar is, en niks uitgelaat is wat die belangrikheid van die inligting mag affekteer nie.

9.2 Die NWK Beherend Raad aanvaar verantwoordelikheid vir die inligting vervat in hierdie aankondiging vir sover dit betrekking het op NWK Beherend, en vir die akkuraatheid van sodanige inligting en sertifiseer dat, tot die beste van die NWK Beherend Raad se kennis en oordeel, die inligting soos vervat in hierdie aankondiging waar is, en niks uitgelaat is wat die belangrikheid van die inligting mag affekteer nie.

10. **VERSENDING VAN DIE GEKOMBINEERDE AANBOD OMSENDSKRYWE**

NWK Beherend en NWK beoog om die Gekombineerde Aanbod Omsendskrywe te versend op of omtrent 07 Julie 2020, en in elk geval binne 20 besigheidsdae vanaf die datum van hierdie aankondiging soos gespesifiseer in die Maatskappy Regulasies. Dit word voorsien dat die Spesiale Algemene Vergaderings ten einde die nodige besluite om die Voorgestelde Transaksie te implementeer, gehou sal word op 04 Augustus 2020. Die Gekombineerde Aanbod Omsendskrywe sal die datum van die Spesiale Algemene Vergaderings bevestig en sal die besonderhede van alle ander pertinente datums verskaf.

GETEKEN TE LICHTENBURG VIR EN NAMENS DIE RAAD VAN DIREKTEURE VAN NWK BEHEREND OP 08 JUNIE 2020

Op las van die NWK Beherend Raad



H KRÜGER
Voorsitter

GETEKEN TE LICHTENBURG VIR EN NAMENS DIE RAAD VAN DIREKTEURE VAN NWK OP 08 JUNIE 2020

Op las van die NWK Raad

L VERMOOTEN
Ondervoorsitter

GETEKEN TE POTCHEFSTROOM VIR EN NAMENS DIE ONAFHANKLIKE RAAD VAN DIREKTEURE VAN NWK OP 08 JUNIE 2020

Op las van die NWK Onafhanklike Raad

A RADEMEYER
Voorsitter

NWK Beherend Beperk	**NWK Beperk**
Scholtzstraat 81	Scholtzstraat 81
Lichtenburg	Lichtenburg
Noordwes	Noordwes
Suid-Afrika	Suid-Afrika

TRANSAKSIE ADVISEUR EN 4AX EKSTERNE UITREIKINGS AGENT

Pallidus Capital Eiendoms Beperk

REGSADVISEURS TOT DIE NWK GROEP

Cliffe Dekker Hofmeyr Ing.

Aandeelhouers se aandag word byvoorbaat daarop gevestig dat:

1. Gegewe 4AX se Noteringvereistes is hierdie dokument se weergawe in Engels die enigste weergawe wat regulatories verpligtend is, maar word dit deur NWK Beherend en NWK verkies om hierdie dokument in beide Afrikaans ("**Afrikaanse Weergawe**") en Engels ("**Engelse Weergawe**") te versend.
2. Alhoewel NWK en NWK Beherend alles binne sy vermoë gedoen het, ten einde te verseker dat die Afrikaanse Weergawe ooreenstem met die Engelse weergawe, is slegs die Engelse Weergawe deur die volgende rolspelers (die 4AX-Beurs, die korporatiewe adviseur en uitreikersagent, Pallidus Capital, regsadviseur tot die NWK groep, Cliffe Dekker Hofmeyr Ing., en onafhanklike verslagdoenende rekenmeester, PricewaterhouseCoopers Geïnk.) benewens NWK en NWK Beherend nagegaan en afgeteken.
3. Nog die 4AX-Beurs, nog die korporatiewe adviseur en uitreikersagent, Pallidus Capital, nog die regsadviseur tot die NWK groep, Cliffe Dekker Hofmeyr Ing., nog die onafhanklike verslagdoenende rekenmeester, PricewaterhouseCoopers Geïnk. was betrokke in die voorbereiding en finalisering van die Afrikaanse Weergawe en kan geen van die genoemde partye verantwoordelik gehou word vir die regstegniese korrektheid van die vertaling van die Engelse Weergawe na die Afrikaanse Weergawe nie, en die genoemde partye aanvaar ook nie enige aanspreeklikheid vir enige foute en/of gebreke wat in die Afrikaanse Weergawe vervat mag wees en/of voorkom nie.
4. Aandeelhouers moet verder daarop let dat tot die mate wat daar verskille en/of gebreke mag bestaan tussen die Afrikaanse Weergawe en die Engelse Weergawe, sal die Engelse Weergawe voorrang geniet.
5. Beide die Afrikaanse Weergawe en die Engelse Weergawe van hierdie aankondiging is vir aflaai beskikbaar vanaf die 4AX-nuusdiens platvorm (https://portal.4ax.co.za/Public/FansAnnouncementProfile), asook NWK se webtuiste (https://www.nwk.co.za).